VIA BANOAG : DS. D.W. MOULTON
FAKS : 041 – 368 3628

KERKHERENIGING – WYK 11

Kerkherenigng was met lidmate in wyk 11 bespreek en die volgende het na vore gekom:

Lidmate het geen teenkanting getoon ten opsigte van wie die kerk (wit, swart, bruin, Indiër) kan bywoon en hul onderskeie betrokkenheid in die gemeente self as bv. Ouderling, diaken, dienswerker, ens., nie, maar die volgende vrae was gvra:

1) Waarom word Afrikaans NG Kerk kerke alleen geteiken om saam met ander kerke te herenig?
2) Lidmate nie ten gunste van kerk naam verandering nie.
3) Lidmate nie ten gunste van gebruik van tolke wat moontlik tydens eredienste kan gebruik word nie.
4) Kommer uitgespreek oor die moontlike voertaal wat gebruik sal word anders as Afrikaans.
5) Vraag 4 bl.4 – Kommentaar moet sinodes nie later as 30 Septemder 2007 bereik nie, geen melding van uitstel datum nie.Word ons kommentaar buite rekening gelaat en word konsensus deur kerke wie se kommentaar betyds gelewer is, bereik?
6) Lidmate is bewus van briewe en media berigte rakende hierdie kwessie: Brief van Mauritz Voster, Port Elizabeth geplaas in Die Burger bl.8 op 29 Septemder 2007 word aangeheg.
7) Brief van DR.T.C. Breitenbach Uitenhage in Die Burger bl.4 op 18 Oktober 2007 asook berig "HERVORMERDE KERK WIL APARTHEID NIE VERWERP", Die Burger bl.8 op 26 September 2007 word verder aangeheg.
8) 'n Sterk politieke motief word hier waargeneem.
9) Dr. Allan Boesak is 'n groot voorstander van die Belhar Belydenis.Wonderlike Bybel teksverse word aangehaal om Belhar Belydenis te motiveer, wat dan ook korrek is, maar geen teken van Matt. 18:21-35, veral vers 22 en Matt. 23:13-28 word gemaak nie, wat daarop dui dat hy nie van plan is om te vergewe nie – weereens politiek.
10) Met hom wat as Prof. aan die Universiteit Stellenbosch se kweekskool aangestel is kan ons met kommer vra hoe hy en andere die teologie gaan beïnvoed.
11) Belhar word in sy geheel verwerp en word as 'n politieke motief beskou waar die die skepsel groter as die skepper beskou word.